Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JUNIE 2026

# Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

**Posbus 20 Hermanus 7200**

| | |
|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 |
| Gansbaai-Stanford | 028 384 8300 |
| Kleinmond | 028 271 8400 |
| Collab Citizen App | |

**24/7 Munisipale Nooddienste:**

| | |
|---|---|
| Munisipale Dienste | 028 313 8111 |
| Brand & Redding | 028 312 2400 |

## BOU STRATE VIR MENSE, NIE NET VIR MOTORS NIE

**As een van die Wes-Kaap se demonstrasiedorpe vir niegemotoriseerde vervoer (NMT) gee die Overstrand-munisipaliteit die pas aan vir veiliger en meer toeganklike stap- en fietsryroetes.**

Hierdie projek fokus daarop om veiligheid en toegang te verbeter vir inwoners en leerders wat elke dag stap, fietsry of van openbare vervoer gebruik maak.

Vroeër hierdie maand het die munisipaliteit die Parlementêre Staande Komitee oor Mobiliteit vir 'n oorsigbesoek verwelkom. Tydens die besoek het die komitee projekte in Hermanus besoek wat help om veiliger strate, beter openbare ruimtes en beter toegang vir gemeenskappe te skep.

In talle landelike gebiede is vervoeropsies dikwels beperk. Bykans 60% van werkers en meer as 50% van leerders stap of ry elke dag fiets. Hoewel die meeste mense te voet reis, is ons paaie steeds hoofsaaklik vir motors ontwerp, wat voetgangers met die hoogste risiko vir besering laat.

Om hierdie uitdagings aan te pak, het die Wes-Kaapse Departement van Mobiliteit met Overstrand-munisipaliteit saamgewerk om 'n meesterplan vir niegemotoriseerde vervoer te ontwikkel wat daarop gemik is om veiliger gemeenskappe met beter verbindings te skep.

As gevolg van beperkte begrotings en fondse is die fokus op geteikende projekte wat 'n sigbare verskil kan maak. Die demonstrasiedorp-inisiatief het ten doel om te wys hoe praktiese verbeterings soos veiliger voetoorgange, kalmering van verkeer, beter sypaadjies, openbarevervoer-geriewe en staproetes wat verbind is die alledaagse lewe van inwoners kan verbeter.

Projekte wat reeds deur die munisipaliteit voltooi is, sluit in die opgraderings in Hoofstraat in Hermanus, en fase 1 van Malvastraat in Mount Pleasant. Hierdie aanvanklike stadium het nuwe verhewe voetoorgange ingesluit om motors stadiger te laat ry en dit veiliger te maak om te stap, tesame met 'n waggebied vir openbare vervoer en opgegradeerde taxi- en busparkeerplekke.

Die totale koste van hierdie fase is R1,7 miljoen, waarvan R1,1 miljoen deur provinsiale staatstoekennings verskaf is.

Toekomstige projekte wat vir die Groter Hermanus beplan word, sluit in opgraderings en die verfraaiing van die Hermanus burgerlike gebied en die Hermanus SSG-taxistaanplek en parkeerareas.

Die NMT-demonstrasiedorpeprojek beklemtoon die waarde van samewerking tussen die plaaslike en provinsiale regering deur veiliger en beter verligte gebiede, kalmering van verkeer, beter kruisings, toegang tot openbarevervoer-geriewe en moontlike toekomstige vennootskappe met die privaat sektor vir fietsverspreiding en veiligheidsopleiding te verskaf, om net 'n paar te noem.

*Die provinsiale regering se Staande Komitee oor Mobiliteit het Hermanus vir 'n terreinbesoek aangedoen, waar die hoofingenieur vir Infrastruktuurdienste, direkteur Steven Müller, die Overstrand-munisipaliteit se vordering met niegemotoriseerde vervoer (NMT) bekend gestel het. Dit beklemtoon die munisipaliteit se verbintenis tot die verbetering van inwoners se vermoë om in die Overstrand rond te beweeg. Hoewel daar nog baie meer is wat gedoen moet word, is dit 'n belangrike begin van 'n nuwe pad.*

OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT SE VORDERINGSVERSLAG:

# TOP 10-KAPITAALPROJEKTE

## OP KOERS MET NUWE BEGROTING WAT BINNEKORT AANVAAR WORD

Die verslag oor die top 10-kapitaalprojekte vir 2025/26 bevestig dat die munisipaliteit sy begroting in werklike verbeterings vir die gemeenskap omskep.

Die vorderingsverslag, wat aan die einde van April 2026 voorgelê is, toon dat 'n bedrag van R72 miljoen reeds tot op hede bestee is.

Namate die huidige finansiële jaar ten einde loop, sal die begroting vir 2026/27 aan die einde van Mei 2026 aan die Raad voorgelê word. Wanneer dit goedgekeur is, sal dit vanaf 1 Julie 2026 in werking tree. Die totale voorgestelde begroting is R2,44 miljard, wat R2,197 miljard vir bedrywighede en R242,7 miljoen vir kapitaalprojekte insluit – 'n styging van 2,7% sedert die vorige jaar.

Die kapitaalbegroting prioritiseer basiesedienste-infastruktuur en paaie. Dit verteenwoordig 76% van die voorgestelde 2026/27-kapitaalbegroting. Hierdie projekte word hoofsaaklik befonds deur lenings (52,7%), met toekennings (29,6%) en interne fondse (17,7%) van die medium-termyn inkomste en uitgawes raamwerk.

## INFRASTRUKTUURMYLPALE

*Die munisipaliteit kanaliseer steeds beduidende beleggings na water en elektrisiteit om noodsaaklike dienste betroubaar te lewer:*

| WATERINFRASTRUKTUUR | ELEKTRIFISERING | VLOOT |
|---|---|---|
| Die opknapping van die Buffelsrivier-waterbehandelingsaanleg is tans in die konstruksiefase. Dit word ondersteun deur die R22,8 miljoen-vervanging van verouderende waterpype en 'n R13,4 miljoen-opgradering van pompstasies en stygleidings, wat albei aktief onder konstruksie is. | Werk is aan die gang vir die R13,9 miljoen-elektrifisering van laekoste-behuisings-gebiede. In Hermanus , Hawston en Kleinmond vorder die MV/LV-opgradering en vervangingsprojek deur die konstruksiefase om die plaaslike kragnetwerk te stabiliseer. | Die R8 m-projek vir padverwante voertuie is 100% voltooi. Elektrisiteit (R6,25 m) en Gemeenskapsdienste/ Vullis (R5,16 m) is ook 100% voltooi, met Publieke Veiligheid (R4,30 m) op 96%. |

## BEHUISING

*'n Groot gedeelte van die kapitaalbesteding word gebruik om lewensomstandighede en ontspanningsruimtes te verbeter:*

### BEHUISINGSDIENSTE

'n Totaal van R34,7 miljoen word oor verskeie behuisingsontwikkelings heen bestuur, insluitend Masakhane in Gansbaai, Mount Pleasant en Schulphoek in Hermanus.

**Let wel:** As gevolg van 'n verandering in die rekeningkundige hantering van behuising, is projekte gekonsolideer om 'n omvattende beeld van die totale belegging in hierdie sektor te verskaf.

### SPORT EN ONTSPANNING

Konstruksie by die Mount Pleasant Sportterrein (R12,2 miljoen), die Hawston Sportkompleks (R10,6 miljoen) en die Kleinmond Sportgeriewe (R8,7 miljoen) duur voort.

# NUWE GBV-ONDERSTEUNINGSKENMERK BY OVERSTRAND CITIZEN APP GEVOEG

Geslagsgebaseerde geweld (GBV) en vrouemoord is in November 2025 ingevolge artikel 23 van die Wet op Rampbestuur tot nasionale ramp verklaar.

Geslagsgebaseerde geweld sluit fisieke, seksuele, verbale, emosionele en sielkundige mishandeling in, asook dreigemente, dwang en ekonomiese en opvoedkundige ontneming. Hierdie voorvalle kan in enige opset voorkom, hetsy in die openbaar of in die privaat lewe, in tye van vrede of konflik, en kan tot fisieke, seksuele, sielkundige, emosionele of ekonomiese benadeling lei.

Om vir slagoffers in die Overstrand-gebied toegang tot ondersteuning te verbeter, is 'n nuwe GBV-voorvalkenmerk by die Overstrand-munisipaliteit Citizen App gevoeg. Hierdie 24-uur-kenmerk laat GBV-slagoffers toe om 'n diensversoek aan te meld indien 'n GBV-voorval voorkom waarby fisieke (aanranding) of seksuele geweld betrokke is en wanneer hulle 'n ambulans, mediese of polisiebystand nodig het. GBV-voorvalle wat deur die app aangemeld word, sal na die Overstrand-munisipaliteit se noodbeheerkamer herlei word, wat sal versoek dat 'n ambulans of die polisie uitgestuur word. Die plaaslike provinsiale regering se Departement vir Maatskaplike Ontwikkeling is ook beskikbaar as jy bystand nodig het. Jy kan die kantoor by 028 316 4141 kontak of hulle by die Onrus Handelspos, op die hoek van die R43 en Vermontlaan, besoek.

Die Overstrand-munisipaliteit veroordeel alle vorms van GBV ten sterkste en moedig persone aan om hulle van dade van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord te weerhou. Die munisipaliteit spreek hom ook uit teen alle vorms van mishandeling en doen 'n beroep op individue om hulle van sulke dade te weerhou.

**KOM ONS WERK SAAM OM GEMEENSKAPPE TE BOU WAAR ALMAL VEILIG IS, EN GERESPEKTEER EN GEHOOR WORD**

SLENTER

# WEES OP DIE UITKYK VIR SLENTERS

Overstrand-munisipaliteit waarsku inwoners om waaksaam te wees, aangesien verskeie slenters wat vals verkeersboetes en agterstallige munisipale rekeninge betrek tans aan die gang is. Hierdie slenters word dikwels ontwerp om amptelik te lyk en kan per SMS of WhatsApp ontvang word.

Inwoners word dringend versoek om altyd enige verkeersboetes of inligting oor munisipale rekeninge deur amptelike kanale te bevestig voordat hulle enige betalings maak.

*Die veiligste en vinnigste manier om enige verkeersboetes na te gaan en te betaal, is deur die Overstrand-munisipaliteit se webwerf:*

- **Besoek www.overstrand.gov.za**
- **Klik op "Pay & Purchase"**
- **Kies "View and Pay Traffic Fines" (ID-nommer nodig)**

Andersins kan inwoners die Overstrand Verkeersdienste by 028 313 1044 / 8174 / 8173 vir hulp kontak.

'n Afsonderlike slenter behels WhatsApp-boodskappe waar persone valslik beweer dat munisipale rekeninge agterstallig is en dan met onmiddellike afsluiting van dienste dreig tensy betaling gemaak word.

Die Overstrand-munisipaliteit bevestig dat hulle inwoners nooit per WhatsApp in kennis sal stel dat hulle rekening agterstallig is of op hierdie manier met onmiddellike afsluiting sal dreig nie.

*Die formele proses wat vir agterstallige rekeninge gevolg word, is slegs die volgende:*

1. As 'n kliënt se selfoonnommer op rekord is, sal 'n SMS gestuur word om die kliënt in kennis te stel dat die rekening agterstallig is en twee dae vir betaling aandui.
2. As betaling nie binne twee dae ontvang word nie, word 'n skriftelike kennisgewing van 14 dae by die fisiese adres afgelewer en per e-pos gestuur, waar dit beskikbaar is.
3. Slegs indien betaling nie binne die kennistydperk van 14 dae gemaak word nie, sal munisipale dienste beperk en/of afgesluit word.

Inwoners word ook daaraan herinner dat munisipale amptenare nooit onmiddellike of voorafbetaling sal vereis om afsluiting te voorkom nie. Enige betalings, insluitend heraansluitingsgelde, moet direk per EFO aan die Overstrand-munisipaliteit se amptelike bankrekening of 'n by munisipale belastingkantoor gemaak word.

## HELP ASSEBLIEF!

Wat sê die wet ten opsigte van die aanhou van hoenders in die voorstedelike gebied van byvoorbeeld wyk 3?

# AANHOU VAN PLAASDIERE (PLUIMVEE) OP 'N EIENDOM WAT VIR RESIDENSIËLE BEWONING GESONEER IS

Ná vrae van die publiek wil die Overstrand-munisipaliteit die regsvereistes vir die aanhou van plaasdiere op eiendomme was as "Enkelresidensieel" gesoneer is (soos dié in Voëlklip) uitklaar.

Ingevolge die huidige Overstrand-munisipaliteit-grondgebruikskema, 2020 ("die Skema"), word die primêre (toegelate) grondgebruike van toepassing op enkelresidensiële erwe onder paragraaf 6.1.1(a) aangedui. Dit is duidelik dat plaasdiere (insluitend pluimvee) nie as 'n toegelate grondgebruik ingesluit is nie en dit is dus onwettig om dit op residensiële eiendomme aan te hou.

Die definisie van 'n "huishoudelike troeteldier" word ook in die Skema uiteengesit. Die definisie sluit duidelik onder andere uit dat plaasdiere as huishoudelike troeteldiere beskou word. Pluimvee val onder plaasdiere.

Indien die klaer 'n formele klag wil indien, moet 'n klagtevorm en beëdigde verklaring by die Stadsbepanningskantoor ingedien word. Die indiening van hierdie vorms is verpligtend ingevolge artikel 87(1) van die Overstrand- munisipaliteit Wysigingsverordening op Munisipale Grondgebruikbe-planning, 2020.

Op skriftelike versoek kan die Stadsbeplanningsdepartement klagtes voor die indiening van die vereiste vorms ondersoek, maar die nienakomingsproses kan nie sonder die betrokke vorms ingestel word nie. Die Stadsbeplanningskantoor ondersoek slegs sake wat betrekking het op grondgebruik en ontwikkelingsparameters wat nie aan die vereistes van die Skema voldoen nie.

Let asseblief daarop dat geraasklagtes deur Wetstoepassing ondersoek word, terwyl versterkte geraas deur mense deur Omgewingsbestuur en Bewaring ondersoek word.

Dokumente is op die munisipale webwerf beskikbaar: www.overstrand.gov.za > Documents > Town & Spatial Planning.